# MOSSELBAAI-SUID WERK!!!

**Die volgende projekte is in 2018 deur die seën van die Here voltooi:**





* Herstelwerk by Vleesbaai Strandhuis.
* Vervanging van ou rekenaar met 'n goeie geskenkte laptop en instalering van nuwe programme.
* Installering van wasbak in saal se keldervertrek (die gat).
* Stem van orrel en klaviere.
* Saal binne geverf en nuwe gordyne gemaak en gehang.
* Nuwe buisligte in saal ingesit.
* Die Swarthoutstraat Pastorie se kombuiskaste is herstel.

Díe projekte is deur die Eiendomme kommissie m.b.v. vrywillige lidmate afgehandel wat baie geld gespaar het. Groot dank word betuig aan lidmate soos wat groot opofferings en bydraes gemaak het, benewens die kommissielede wat lang ure gewerk het.

**Die volgende nuwe projekte word vir 2019 beplan:**

* Heinings vir die voorkant van die kerkgronde.
* Nuwe stoof en oonde vir die kombuis.



Hierdie projekte vra baie geldbesteding, maar kan baie goedkoper afgehandel word indien lidmate weer gratis dienste lewer en help bydra vir aankope. Ons benodig kundiges wat kan raad gee, help installeer en vassit. Indien die Here u lei om op een of ander manier betrokke te raak, kontak asseblief een van die dominees of vir Tobie (082 327 1045), Gert (083 379 3985), Mike (082 628 2052), Morné (083 922 5162) of Leon (079 693 3658).






# NG KERK MOSSELBAAI-SUID

**AFKONDIGINGE: 3 Maart 2019**

*"Weet jy dan nie, het jy nog nie gehoor nie? Die Here is die ewige God, Skepper van die hele aarde. Hy word nie moeg nie, Hy raak nie afgemat nie en sy insig is ondeurgrondelik". (Jesaja 40:28)*

## PROGRAM VIR VANDAG




**DEUROFFER:** Sinodale offer vir Bybelgenootskap.

**KATEGESE/KINDERKERK:** Gr R-6 vir Kinderkerk in die saal na die kinder-oomblik in die diens en Gr 7-8 in die "Gat". Gr 11 vergader 10:00 in die "gat". Gr 9-10 soos deur ds Robert gereël.

**NUWE INTREKKERS:** Baie welkom in ons midde - mag u verblyf tot seën wees! Die dominee ontmoet jou graag na die diens voor die kansel.

## VOLGENDE SONDAG

**EREDIENSTE:** Om 09:00 in die kerkgebou (ds Danie) en Vleesbaai (ds Robert).

**DEUROFFER:** Sinodale offer vir Gemeente-ontwikkeling.

**KATEGESE/KINDERKERK:** Soos gewoonlik.

## PROGRAM VIR DIE WEEK

**KLEINGROEPE:** Vergader soos onderling gereël. Nuwelinge kan die kerkkantoor (tel. 6903552) kontak vir meer inligting.

Ds Danie: Maandag 15:00 by Santos 2; Dinsdag 09:30 in die konsistorie.
Ds André: Dinsdag om 09:30 in die saal; Woensdag Selgroep om 18:30.
Ds Robert: Dinsdag 09:00 17de Laan 18 en 19:00 by Tienie Bothastraat 3. Donderdag 09:00 Vleesbaai/Rietvlei.

**Dinsdag:** Maandelikse saambid is om 17:15 in die konsistorie. Ons nooi veral lede van die gebedsketting.

**Woensdag:** Aswoensdag. Alle lidmate wat wil, is welkom om die byeenkoms om 15:30 by Santos Haven by te woon.

### BANKBESONDERHEDE

*Dankoffers: Absa Mosselbaai, rek.no. 207 058 0031*
*Geloofsoffers: Absa Mosselbaai, rek.no. 207 016 7886*

## BELANGRIKE INFO

**KOSKAS:** Maart is **Streek C** se beurt om bydraes te maak vir die koskas. Droë produkte, groente, blikkies en gevriesde produkte, asook kontantbydraes kan by die kerkkantoor of die dienswerker afgegee word. Joey (073 2988 142).

**DEUROFFERS:** Spesiale offer vir Herberg Kinderhuis was R2694-30

**BEWYSE ONTVANG:** Lourens J Kruger (Hofmeyerstr), Carien Kruger, Lourens J Kruger (doop), Carlie A Kruger (doop) vanaf Langenhovenpark.

**SAAMKUIER NA DIENS:** Lekker koffie en tee word na die diens in die kerksaal bedien. Kom kuier gesellig saam en leer mekaar beter ken.

**GESKILDE PERSKES:** R85/kg of R45/500g by die kerkkantoor te koop.

**BOTSWANA UITREIK 2019**: Ons het nog heelwat plek vir mense om saam te gaan op die Botswana uitreik. Hoërskool, naskool, en ouer. Ons soek ook nog na iemand wat met hul voertuig sal saamgaan. Kontak ds Robert.

**DANKFEES:** Baie dankie vir almal wat hard gewerk het en ruim bygedra het vir die Dankfees! Dit was voorwaar 'n gemeentefees!

## VLEESBAAI BASAAR

Ons nooi u almal hartlik uit na die Vleesbaai Basaar DV Donderdag, 21 Maart vanaf 17:00 in die Kerksaal op Vleesbaai.

Kom kuier, koop, eet en geniet uself.

Tafelblaaie gaan kreun onder plaasbrood, mosbolletjies, koeke, terte, beskuit en koekies. Bobaas basaarpoedings met vla, warm soet kaneelpannekoek, tee, koffie en koeldrank. Eie aan ons boere gemeenskap is daar natuurlik ons gesogde afvalpotjie met stampmielies. Amper-te-mooi-om-te-eet lekkergoed vir die jongspan en vir die jonges van gees.

Winskope om van te droom is uit te snuffel by die Wit Olifant tafel.

Lieflike vars plaasgroente en 'n tafel belaai met top kwaliteit vleis en wors is vanaf 16:00 beskikbaar.

Hierdie is nie al nie!

Oppad terug van die strand, kan u teen 12:00 'n wegneem middagete neem. Heerlike Hoenôr in 'n mandjie, koningkraai kaaswors op 'n stokkie en warm roosterkoek van die kole af. U kan selfs kom terugsit, ontspan met 'n glasie wyn in die wyntuin en jou ore betower met Vleesbaai se eie musiek legende.

Definitief die vakansie se hoogtepunt en 'n geleentheid om nie op uit te mis.

Sien julle daar!



# GEBEDSBULLETIN

**Maart se tema: Liefde**

*1 Kor 13—en die grootste hiervan is die liefde.*


**Hierdie week se DANKSEGGING:**

* Dat God sy liefde in ons harte uitgestort het deur die Heilige Gees (Rom 5).
* Vir die Bybelgenootskap - vertaling en verspreiding van Bybels.
* Fisiese vermoëns waarmee ons die Here kan dien.
* Offervaardigheid, diensbaarheid, saamwerk - die dankfees.

**Hierdie week se GEBED EN SMEKING:**

* Deuroffers - Bybelgenootskap. Ons offers word oa gebruik om Bybels te subsidieer sodat dit vir armes bekostigbaar kan wees.
* Aswoensdag (die begin van lydenstyd) - ons nadenke oor die Here se lydenspad.
* Eenheid in die liggaam van Christus in Mosselbaai. Leraars vergader 7 en 14 Maart om te besin oor die kerk se rol in ons dorp.
* Reën - bid vir reën in ons distrik.
* Tuisversorging van bejaardes.

**PERSOONLIK:** Inwoners van Santos Haven se drie siekeboeë, Kenani, Huis Elsjé, Benevolent Park, Ons Huis, Huis Caro en Ons Rus. Die volgende lidmate herstel na operasies, hospitalisasie, siekte tuis, of beleef ander krisisse:



**SIEKES:** Malcolm Gerber Da Nova woonstelle, Alet van Wyk Hoekbaai Vleesbaai, Johan Meyer 12de Laan, Lallie Huysamen Fijnboschpark, Selma de Klerk Blombosch

**STERFTES:** Broer van Ina van Rensburg

**SOCIETAS:** (Smartstart en Eatsmart programme vir vroeë kinderontwikkeling). Ons het tans 359 kinders vir wie ons elke oggend kitspap gee. Vyf dae per week. Dit sluit nie die gesinne van die Smartstarters (die persone wat die groepe fasiliteer) in nie. Ons gee vir Smartstarters en hul gesinne wat vanuit hul huise groepies fasiliteer ook pap. Dit kos R1-20 per dag om aan 'n kind een porsie kitspap te voorsien. Een porsie voorsien in 50% van die totale voedingsbehoeftes van 'n kind. Dit kan 'n reuse verskil maak in die breinontwikkeling van 'n kind, waarvan 90% in die eerste 5 jaar van hul lewe plaasvind.
Daar is twee maniere waarop jy kan help:

1. Ons benodig nog ondersteuners van Smartstartgroepies, wat een maalper maand pap aflewer en 'n verhouding bou met die Smartstarter, en ook vir haar bid.
2. Vir R30 pm kan een kind 5 dae per week pap kry. Wil jy help?
   <u>Bankbesonderhede</u>: Societas ECD Mosselbaai, Nedbank reknr: 1156768160, takkode 168905. Skakel Ds Robert by 044-6912244.